higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N790**(A)**(N14)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE ENTREPRENEURSKAP N4

(4090294)

14 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE ENTREPRENEURSKAP N4
TYD: 2 UUR
PUNTE:100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord. Sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INLIGTING EN INSTRUKSIES

1. Beantwoord slegs VIER vrae.
2. Lees AL die vrae noukeurig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. ALLE berekeninge moet tot TWEE desimale plekke afgerond word.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

GEVALLESTUDIE

Lees die volgende gevallestudie aandagtig deur en beantwoord die vrae.

KWAPENG SE WINKEL

Amos Kwapeng het sy werk as 'n winkelassistent by Pick n Pay, in 1994 verloor. Hy het toe 'n klein spazawinkel begin om aan die lewe te bly. Hy het hierdie winkel vanuit sy motorhuis by sy huis in Mofolo-Noord, Soweto, bedryf. Op daardie stadium het hy op die verkoop van basiese kruideniersware, soos koffie, suiker, blikkies, kerse en paraffien, gekonsentreer.

Aangesien daar geen ander spazawinkel in die onmiddellike omgewing was nie en die naaste supermark in Dube, 8 km vandaar was, het die vraag na sy produkte so hoog geword dat sy perseel te klein geword het. Kwapeng het besluit om na 'n groter perseel te trek. Hy het 'n geskikte perseel in 'n klein koopsentrum in dieselfde buurt, gevind.

Kwapeng verkoop nou 'n wye reeks produkte, soos 'n verskeidenheid kruideniersware, vars groente en vrugte, vars brood, koeldrank en tydskrifte. Sy teikenmark bestaan uit die plaaslike gemeenskap van Mofolo-Noord en sluit huisvroue, onderwysers, padwerkers en skoolkinders in.

Kwapeng koop sy voorraad van groothandelaars soos Metro en Handelsentrum aan en gebruik sy bakkie om dit na die winkel te vervoer. Die vrugte en groente koop hy by die varsproduktemark in Johannesburg aan. Hy koop die brood by 'n bakkery in Johannesburg en die ooreenkoms is dat die bakkery daagliks sal aflewer. Kwapeng ondervind egter probleme met hierdie spesifieke verskaffer, aangesien die bakkery nie baie betroubaar is nie. Die bakkery lewer die brood laat af en soms glad nie. Hy sal 'n ander verskaffer vir die brood moet kry.

1.1 Kwapeng bedryf 'n besigheid in 'n vryemarkstelsel.

Definieer *vryemarkstelsel*. (3)

1.2 Noem ten minste DRIE nadele van hierdie stelsel. (3)

1.3 As entrepreneur sal Kwapeng betrokke wees by die vergoeding van die produksiefaktore.

Noem die vergoeding van elke faktor. (5)

1.4 Kwapeng koop voorraad van Makro in Johannesburg. Hy kry 'n kontant-afslag van 6,5% op sy rekening as hy binne sewe dae betaal. Die bedrag op die faktuur vir sy aankope beloop R25 000.

Bereken die kontantbedrag betaalbaar indien hy binne drie dae betaal. (2)

1.5 Kwapeng se assistent verdien R250 per week.

Bereken hoeveel die assistent per maand verdien. (2)

Kopiereg voorbehou

1.6 Die prys van petrol vir die vervoer van voorraad het van R3,72 tot R4,02 per liter gestyg.

Bereken die persentasieverhoging op die prys van petrol. (2)

1.7 Kwapeng se Winkel is as 'n beslote korporasie geregistreer.

Noem ten minste VYF voordele van hierdie vorm van eienaarskap. (5)

1.8 Kwapeng het 10 mans- en 15 vrouepersooneellede in sy diens.

Watter persentasie van die personeel bestaan uit vroulike werkers? (3)
[25]

EN/OF

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die belangrikheid van 'n sakeplan in 'n onderneming. (5)

2.2 Kwapeng lewer 'n diens aan sy kliënte.

Verduidelik DRIE unieke eienskappe van dienste. (3)

2.3 Noem DRIE soorte sekuriteite wat Kwapeng kan aanbied om 'n lening van die bank te verkry. (3)

2.4 Besighede word aan talle risiko's blootgestel.

Noem VIER tipes versekerbare risiko's in die sakewêreld. (4)

2.5 Noem VIER tipes korttermynkapitaal wat Kwapeng kan gebruik. (4)

2.6 Verminder R125,50 met 15%. (2)

2.7 Noem VIER maniere waarop Kwapeng sy kreatiewe denke en intuïsie kan verbeter. (4)
[25]

EN/OF

VRAAG 3

3.1 Noem TWEE redes waarom Kwapeng sy besigheid begin het. (2)

3.2 Kwapeng het R10 200,00 by 'n bank belê teen 10% rente per jaar vir twee jaar.

Bereken die finale bedrag aan die einde van die twee jaar.

$$\text{Formule: } I = \frac{P \times r \times t}{100}$$

(4)

3.3 Verduidelik elk van die volgende afkortings:

3.3.1 WBDV

3.3.2 SAID

3.3.3 DHN

(3 × 1) (3)

3.4 Kwapeng wil sy besigheid in die nasionale koerant adverteer.

Ontwerp 'n advertensie vir sy besigheid wat die ABBA-formule in ag neem. (5)

3.5 Bespreek kortliks VIER voordele van doeltreffende voorraadbestuur wat Kwapeng moet oorweeg wat 'n invloed op die wins van sy besigheid sal hê. (4)

3.6 Kwapeng sien daarna uit om nog 'n spazawinkel in Pretoria oop te maak.

Noem ten minste SEWE faktore wat die ligging van sy besigheid sal beïnvloed. (7)

[25]

EN/OF

VRAAG 4

4.1 Wat sal die basiese inhoud van Kwapeng se finansiële plan wees? (6)

4.2 Stel 'n vraelys met DRIE vrae op wat Kwapeng kan gebruik om uit te vind hoekom kliënte van sy besigheid hou. (6)

4.3 As entrepreneur werk Kwapeng hard om die ekonomiese situasie in die land te verbeter.

Noem DRIE voordele wat hy sal ontvang. (3)

4.4 Gee 'n volledige beskrywing van Kwapeng se teikenmark.

(**WENK**: verwys na ouderdom, onderrig, inkomste, geslag, plek) (10)

[25]

EN/OF

VRAAG 5

5.1 Wat is die standaardkoers van belasting op toegevoegde waarde? (1)

5.2 Voltooi die persoonlike hulpbronanalise vir Kwapeng. (3)

5.3 Kwapeng is 'n voorbeeld van 'n suksesvolle entrepreneur.

Beskryf enige VYF eienskappe van 'n suksesvolle entrepreneur. (5)

Kopiereg voorbehou

5.4 Hoe sal Kwapeng sy begroting gebruik om sy finansies doeltreffend te bestuur? (3 × 2) (6)

5.5 Die verbruiker het baie behoeftes.

Noem die VYF basiese kategorieë om behoeftes te klassifiseer. (5)

5.6 Verduidelik VYF redes waarom die effektiewe verpakking van Kwapeng se produkte belangrik is. (5)
[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou